# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**18/2025** **22 Mei 2025**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouer/Voog

Die eksamentyd het amptelik aangebreek vir ons graad 10- tot 12-leerders. Vanaf 22 Mei, is dit tyd om skouer aan die wiel te sit en met fokus en volharding dié belangrike akademiese tyd aan te pak. Ons wens elke Oosie sterkte toe met die voorbereiding en skryf van hul vraestelle.

**Graad 8- en 9-leerders volg steeds 'n normale akademiese rooster tot en met 30 Mei, waarna hul eksamen op 2 Junie sal begin.**

By Hoërskool Oos-Moot besef ons hoe geseënd ons is om deel te wees van ’n gemeenskap wat saamstaan, ondersteun en bydra tot die groei van ons skool en leerders. Ons sê opreg dankie aan Samaritan Feet vir hul ruimhartige borgskap waarmee hulle gratis skoene aan van ons leerders verskaf het. Dit maak ’n betekenisvolle verskil in hul daaglikse lewens. Ons spreek ons opregte dank uit teenoor almal wat tot die sukses van die OPEDAG bygedra het. Ons is dankbaar vir die skool se beheerliggaam vir hul harde werk en volgehoue ondersteuning en aan die Oosie Bond vir die voorsiening van elektrisiteit vir die buite-verhoog.

*’n Besondere woord van dank aan me W. Viljoen, ‘n trotse Oosie-ouer, vir haar uitsonderlike inisiatief en betrokkenheid by die ontwerp, konstruksie en afronding van die pragtige metaalkunswerk, die Oosie Druppel (in 2014 ontwerp deur oud-Oosie Hannes van Eeden, geïnspireer deur die skoollied) wat nou met trots voor ons skoolsaal pryk. Hierdie unieke kunswerk is nie net ‘n visuele baken op ons skoolterrein nie, maar ook ‘n simbool van Oos-Moot se ryke kultuur, trotse geskiedenis en lewende gees. Oos-Moot is opreg dankbaar vir die betrokkenheid, kreatiwiteit en liefde vir ons skoolgemeenskap.*

Verder wil ons ons trots en gelukwensing uitspreek teenoor mnr J Boshoff, me J Geldenhuys en me L van Dyk wat onlangs hul graad verwerf het. Ons dink ook aan me H van Staden, ons adjunkhoof, wat binnekort ’n operasie sal ondergaan en wens haar ’n spoedige en volledige herstel toe. Ons deel ook in die vreugde van me N Muller, wat in die huwelik tree. Mag dit die begin wees van ’n geseënde en vreugdevolle nuwe hoofstuk.

Baie dankie aan al ons ouers vir hul deurlopende ondersteuning en samewerking. Saam bou ons aan ’n sterker en meer suksesvolle Oos-Moot!

Oos-Moot groete
Me S Theron (HOOF)



## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf. Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

| | | |
|---|---|---|
| • 22 Mei | : | Gr.10 tot 12 : Amptelike eksamen begin |
| • 22 Mei | : | Solidariteit – GRATIS VAKKEUSE WEBINAAR |
| • 31 Mei | : | Sagtebalproewe |
| • 2 Junie | : | Gr.8/9 eksamen begin |
| • 5 Junie | : | Finansies kantoor gesluit vanaf 10:00 (funksie) |
| • 20 Junie | : | Kaskar / Warm Hartklop-kuierfees |
| • 30 Junie tot 11 Julie | : | Graad 12 Winterskool (verpligtend) |

**Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde**

Kontakbesonderhede is op die skool se webwerf beskikbaar.

## AKADEMIE

### Mei/Junie eksamen

Graad 8 en 9

- *Belangrik*: Die graad 8 en 9-leerders gaan **normaal aan met akademiese onderrig tot en met 30 Mei**.
- Vanaf 22 tot 30 Mei verdaag die graad 8 en 9-leerders om 13:00.
- 2 Junie – eksamen begin.

Graad 10 tot 12

22 Mei – amptelike eksamen begin.

Eksamenrooster/Eksamenreëlings

Die eksamenrooster en die eksamenreëlings is op die skool se webwerf beskikbaar.

### Graad 10: Gasvryheidstudie Winterskool 2025

Die doel van hierdie winterskool is om vir die leerders ekstra hulp en ondersteuning te bied wat nodig is om die vakinhoud ten volle te verstaan en hulle te leer hoe om vraestelle korrek te beantwoord, sodat hul eksamenvaardighede verbeter. Hulle kry die geleentheid om vrae te vra, konsepte te verduidelik en addisionele oefeninge te doen onder begeleiding van ons ervare onderwysers. Leerders kies EEN van die sessies wat aangebied word.

| | | |
|---|---|---|
| Datums | : | 1, 8 of 10 Julie |
| Registrasie en betaling | : | Registreer en betaal voor 7 Junie |
| Koste | : | R75 |

'n Skrywe met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en op die webwerf beskikbaar. Navrae kan gerig word aan me T Ferreira (t.ferreira@oos-moot.co.za).

### Graad 12 Winterskool

Die Graad 12 Winterskool is 'n jaarlikse instelling by Hoërskool Oos-Moot en vorm 'n belangrike deel van ons matrieks se voorbereidingsproses vir die finale eksamen. Hierdie tydperk bied leerders die geleentheid om in 'n gefokusde en ondersteunende omgewing aan hul akademiese vordering te werk. Die winterskool vind gedurende die Mei/Junie-vakansie plaas en is **verpligtend vir alle graad 12-leerders**. Die lys van vakke wat aangebied word, sal met leerders gekommunikeer word.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 30 Junie tot 11 Julie |
| Koste | : | R300 per leerder |

Die Winterskoolskrywe is reeds aan die leerders uitgegee en op die skool se webwerf beskikbaar.

## SOLIDARITEIT – GRATIS VAKKEUSE WEBINAAR – 22 MEI 2025

Die graad 9-leerders doen hierdie jaar hul vakkeuses. Solidariteit bied 'n GRATIS webinaar aan en ons moedig ons ouers en leerders aan om te registreer en in te skakel. Die skrywe vanaf Solidariteit met volledige inligting en registrasieskakel volg hieronder.

Beste Ouer

Wanneer dit by vakkeuses kom is daar sóveel opsies dat dit 'n mens heel deurmekaar kan maak. Ons kinders se vakkeuses van vandag beïnvloed hulle studierigting van môre, sowel as hul toekomstige beroep. Daarom moet hulle slim kies! Solidariteit se Skoliere-aanbod wil jou as ouer help deur vir leerders 'n vars perspektief op hul toekomstige loopbaanpad te gee.

Solidariteit, in samewerking met Akademia, Sol-Tech en Bo-Karoo Opleiding, bied op **Donderdag 22 Mei** 2025 om 19:00 ʼn omvattende vakkeusewebinaar aan om jou toe te rus met die nodige kennis, sodat jy jou kind kan ondersteun om die beste toekomsgerigte vakkeuses te maak. In dié webinaar gaan opvoedkundige sielkundige Elana Kriel met jou gesels oor hoe om die regte vakke te kies – vakke wat by jou kind se aanleg, belangstellings én toekoms pas.

Klik **hier** om vir die webinaar te registreer. Enige navrae kan na skolier@solidariteit.co.za gestuur word.

*Solidariteit se Skoliere-aanbod bied ook ʼn **GRATIS** #Vakkeuse-videoreeks aan wat leerders verder ondersteun om die regte vakke te kies, hul opsies te verken en ingeligte besluite oor hul toekoms te neem. Die inhoud van die video's is deur onderwyskundiges opgestel en lig leerders in oor die inhoud van elke vak, wat hulle kan studeer as hulle die vak neem en tot watter beroepe hierdie vak vir hulle toegang kan gee. Ons vakkeusevideo's is ʼn waardevolle hulpmiddel vir enige ouer en kind. Klik **hier** om toegang tot die #VakKeuse-portaal te kry.*

Ons sien daarna uit om jou en jou kind by die #VakKeuse-webinaar te verwelkom!

Vriendelike groete

**Felicia Richardson**
**Spesialis:** Skoliere-aanbod
012 644 3974
skolier@solidariteit.co.za

## GRATIS SKOENBORGSKAP DEUR *SAMARITAN FEET*

Leerders wat nie op 21 Mei hul skoene kom afhaal het nie kan dit nou by die skool se klerebank gaan afhaal. Maak asseblief vooraf ʼn afspraak by die klerebank (klerebank@oos-moot.co.za).

## SOSIAAL

### Graad 11-bal

Ons herinner ouers dat die skool hierdie jaar 'n nuwe tradisie vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Doel van die bal

- Om fondse in te samel wat spesifiek aangewend sal word vir die huidige graad 11-leerders se Matriekafskeid in 2026.
- Om leerders voor te berei vir die Matriekafskeid deur hulle bekend te stel aan die formaat en etiket van 'n formele funksie.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 26 Julie |
| Plek | : | Hoërskool Oos-Moot skoolsaal |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 tot 22:00 |
| Kleredrag | : | Formeel (soos vir Valentynsbal) |

ʼn Formele skrywe, met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en is op die webwerf beskikbaar.

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van ʼn sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Belangrike inligting vir sportbyeenkomste te Hoërskool Oos-Moot

**Toegang en toegangsgelde**

- Streng toegangsbeheer sal toegepas word.
- Alle toegangshekke is **KONTANTLOOS.**
- Kaartjieverkope sal slegs by die hekke plaasvind en kan via ʻn debiet-/kredietkaart aangekoop word.

| | | |
|---|---|---|
| Volwassenes | : | R20 per persoon |
| Voertuie | : | R30 per voertuig (sluit bestuurder in) |
| Leerders in gewone drag | : | R10 per persoon |
| Leerders in skooldrag | : | GRATIS |
| Kinders onder die ouderdom van 12 jaar | : | GRATIS |

## Hokkie

Kontak

Die organiseerder kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie

Ouers hoef slegs by die betrokke ouer groep aan te sluit, die spelers het hul eie groepe. Skakel na WhatsApp-groepe

Oefentye

Die **NUWE** oefenskedule vir die tweede kwartaal is op die webwerf beskikbaar. Daar word 'n standaard oefenskedule gevolg. Enige afwykings op die oefentye vir die spanne sal op die WhatsApp-groepe en op die webwerf gedeel word.

Wedstryde en programme (Programme word geplaas soos ontvang)

| Datum | Liga | Plek |
|---|---|---|
| 22 Mei | Dogters : Northernsliga vs Hatfield (A-spanne – tuis) (B-spanne – weg) | |
| 28 Mei | Seuns : Northernsliga vs St Albans | |

## Rugby

Wedstryde (Program)

Datum : 24 Mei
Teenstander : H/S Wesvalia

Spelers vertrek op 24 Mei om 03:30, per bus, vanaf die skool.

## Sagtebal

Proewe

Datum : 31 Mei

Registreer NOU vir die proewe deur die QR kode te skandeer of met die volgende skakel.

# KULTUUR

## Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep! As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil! Teken in via die skakel.

## Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

## Feitevrate

Die Feitevrate nooi alle Oosies uit na ons "quiz night" vasvrakompetisie!

Datum : 25 Junie
Tyd : 17:00 tot 19:00
Plek : Personeelkamer
Koste : R50 vir 'n span van 4

Inskrywings open : 5 Mei in K97

Daar is kontantpryse op die spel, so bring jou algemene kennis en kom geniet 'n heerlike aand saam met die Feitevrate span! Daar is ook pryse vir die *Beste Dressed* span.

## Orkes

Optredes

- 25 Mei
  Plek : NHK Montana
  Tyd : 15:00
  Kaartjies : R80 (deure van kerk en Quicket)

- 31 Mei
  Plek : Laerskool Pierneef Kermis
  Tyd : 10:00

## FONDINSAMELINGSPROJEKTE

| Beplande fondsinsamelingsprojekte vir 2025 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Projek** | **Ten bate van** |
| Mei/Junie | *Firelighter*projek | Krieket/E-sport toere |
| Mei/Junie | *Raffle (Playstation 5, X-box Series X, Gaming PC)* | E-sport toer |
| 20 Junie | Kaskar en Warm Hartklop-kuierfees | |
| 25 Julie | Winterkonsert (Orkes) | Orkes |
| 26 Julie | Gr11-bal | Matriekafskeid 2026 |
| Augustus | *Colour Run* | |
| 12-16 Augustus | Revue | Kultuur |
| 18 September | Knipmes-aand | Sportsentrum |
| 17 Oktober | Lente bal | Kultuur |
| 7 November | Gys Pitzer Gholfdag | Sportfonds |

## E-SPORT "*RAFFLE*"

Ons bied 'n spesiale trekking aan ter ondersteuning van ons E-sportspan, wat van 9 tot 12 Julie 2025 aan die African Gaming Championships in Kaapstad gaan deelneem. Om fondse vir die toer in te samel, het ons besluit op 'n prettige manier om geld in te samel deur middel van 'n gelukkige trekking.

Kaartjies
Koste : R50 per kaartjie
Plek : Finansieskantoor of deur die *Raffle* webtuiste skakel of die QR-kode.

Prys
Die wenner kan kies tussen 'n *PlayStation 5, Xbox Series X of Gaming PC .*

## FIRELIGHTERS FONDSINSAMELING

Hierdie projek is ten bate van die krieket- en E-sporttoere wat later vanjaar plaasvind.

Bestel en betaal só

- Leerders kan pakke (R20 per pak) aankoop by die finansiële kantoor met kontant of kaart.
- Ouers kan 'n EFT doen na die skool se bankrekening.
- Let asseblief op die spesifieke verwysing soos hieronder aangedui (PR381 leerder naam+van - bv. PR381Hnel).

Hoe werk dit?
Tydens die eksamen kan leerders die bestellings tussen 11:00 en 12:00 by T10A (eerste klas langs die Astro) afhaal.

Fantastiese pryse om te wen!
Die leerder wat teen 13 Junie die meeste pakke verkoop het, wen 'n *JBL Partybox Club 120 Portable Bluetooth Party Speaker!*

## KASKAR / WARM HARTKLOP-KUIERFEES

**Kaskar (20 Junie)**
Die kaskar vind (in skooltyd) na afloop van die dag se geskeduleerde eksamen plaas.
Leerders moet asseblief die karkarborgvorms wat uitgedeel is veilig bewaar.
Indien 'n leerder hul borgvorm misplaas, sal 'n polisieverklaring afgelê en ingehandig moet word.

**Warm Hartklop-kuierfees (20 Junie).**
'n Brief met volledige inigting is op die webwerf beskikbaar.

Toegang
Algemene toegang : R20 per persoon
Parkering : R50 per voertuig
Eie partytjieboks : R100 per standaard koelboks

Kos
Sosaties x 2 en paptert : R70 per persoon
Sop met brood : R40 per persoon
Spesiale *combo* aanbod (sop, brood, sosaties en paptert) : R90 per persoon

Navrae kan gerig word aan me L Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za).

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

<u>Skakels</u>

Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.










## KOMPETISIE

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel volg asseblief hierdie skakel vir die pryse en vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).


Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913


Fundraising pageant
in aid of
Wollies
Animal Shelter NPC
NPC. 2013/088783/08
Mr, Miss & Mrs
Neon Heart
2025
Saturday, 31 May 2025
Registration starts at 09:00
Pageant starts at 10:00
Entry Fee R550 and pet food
donation for Wollies Animal Shelter
Includes ramp & crowning photos
Lyttelton Manor, Centurion
Call or WhatsApp
072 225 8489
Facebook
Golden Heart Pageants
Golden Heart Pageants
WhatsApp contact


1249 Cunninghamlaan, Waverley
31 MEI 2025
NG WAVERLEY
KUIERFEES
08:00-13:00
ROCOMAMAS
Pap en Kaaiings
Poeding
Thrift
Jaffels
Speletjies
Veiling
Lekkergoed
Putt- putt
Speletjies
Koektafel
Worsbroodjies


DENVER
SPUR
Monday 2nd JUNE
&
Wednesday 4th JUNE
Shadow evening @
Denver Spur in Jakaranda Center
from 18:00 - 21:00pm
Please come and support our Squads in Raising funds for their Drum Majorette's Nationals, taking place in Oudshoorn in July 2025.
Bring Family & Friends of All Ages
Moot Angels
Drummie & Cadet Club
Where you become part of a Family for Life!


MINERALE WATER
MAANDELIKSE SUBSKRIPSIE OPSIES:
R100 per maand 60 L
R200 per maand 120L
R400 per maand 240L
Capitec rekening 1429432576
Running Water
Jou Naam en Van
WEEKLIKSE AFLEWERING - MAANDAE
Aflewerings fooi sal bereken word op die grootte van bestellings
MINERALE WATER
330 ml R12
500 ml R12
750 ml R14
1 liter R14
1.5 liter R18
5 liter R25
ALKALIES PH10
500 ml R15
750 ml R16
1 liter R18
5 liter R36
BRUIS WATER ( SPARKLING)
500 ml R16
750 ml R15
1 liter R19
1.5 liter R23
SPORTS HIDRASIE
500 ml R18
750 ml R22
1 liter R30
IT'S GOOD 4 YOUR HEART
Running Water
MINERALISED ELECTROLISED
UNCOMPROMISED
EST. T23
vir meer inligting Kontak Theresa 0665409118 jou Water Hero
volg ons op facebook en Instagram